Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

RELIGIESTUDIES V2

PUNTE: **150**

TYD: **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies versigtig deur voor die vrae beantwoord word.

2. Hierdie vraestel bestaan uit VYF vrae.

3. Beantwoord enige DRIE van die VYF vrae.

4. Begin elke vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Lees AL die vrae aandagtig deur voordat jy dit beantwoord.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat vir elke vraag toegeken is.

8. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 In die konteks van enige EEN religie, beantwoord die onderstaande vrae met verwysing na die sentrale leringe:

1.1.1 Bespreek die aard van die wêreld (10)

1.1.2 Bespreek die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld (10)

1.1.3 Bespreek die aard van lewe na die dood (10)

1.2 Brei uit en verduidelik die interne verskille in die volgende religieë met betrekking tot die hoofeienskappe van sulke verskille:

- Christendom
- Islam (10 x 2) (20)

[50]

VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

> Religieë is veronderstel om ons hoogste ideale en hoop te verteenwoordig. Soms inspireer hulle ons om hoër hoogtes van kreatiwiteit en sosiale opoffering te bereik. Ander tye is religie deel van die probleem; ander tye is dit deel van die oplossing.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Religion Studies*, bladsy 60]

2.1.1 Kies ENIGE gebied van konflik in Afrika en dui aan wie by die konflik betrokke was. (4)

2.1.2 Verduidelik die oorsaak van die konflik. (12)

2.1.3 Wat is die huidige situasie? (10)

2.1.4 Bespreek die rol van religie in die konflik. (12)

2.2 Bespreek die leringe van enige EEN sekulêre siening wat jy bestudeer het. (12)
[50]

VRAAG 3

3.1 Bespreek die volgende normatiewe bronne in enige EEN religie:

3.1.1 Die hermeneutiese beginsels van interpretasie van normatiewe bronne (8)

3.1.2 Goddelike inspirasie (6)

3.1.3 Mondelinge tradisie (6)

3.2 Met verwysing na enige EEN religie, verduidelik die hoofkenmerke van hierdie groepe met verwysing na die volgende:

3.2.1 Noem verskille in leringe (10)

3.2.2 Noem verskille in bestuur (10)

3.2.3 Noem verskille in praktyk (10)
[50]

VRAAG 4

4.1 Gee ŉ kort verduideliking van die *Oerknalteorie*. (14)

4.2 Bespreek hoe die skepping van die heelal deur die Abrahamitiese religieë verduidelik word. (12)

> As daar gekyk word na die verhouding tussen religie en natuurwetenskappe, is dit belangrik om te onthou dat wetenskap iets is wat mense in alle kulture vir eeue gedoen het, en dieselfde geld vir religie.
>
> [Bron: *Top* Class *Religion Studies*, bladsy 149]

4.3. Verduidelik die siening van Hindoeïsme oor die Evolusieteorie. (14)

4.4 Bespreek Darwin se Evolusieteorie. (10)

[50]

VRAAG 5

5.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> In sy kort lewe was Nkosi Johnson (1989–2001) 'n Vigs-aktivis wat gehelp het om baie mense se persepsie oor Vigs te verander.
>
> [Bron: *Shuters Top Class Grade 12*, bladsy 72]

5.1.1 Noem die oorsake van MIV/Vigs. (14)

5.1.2 Noem die faktore wat tot die verspreiding van MIV/Vigs bydra. (12)

5.1.3 Illustreer oplossings om die verspreiding van MIV/Vigs te beveg. (10)

5.1.4 Watter praktiese stappe of strategieë moet gevolg word om MIV/Vigs aan te spreek? (14)
[50]

TOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou